Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Augustus 2010



Ekumene

Lees binne...

- **Ekumene – deel van die DNS van die kerk** – 1
- **Die Hervormde Kerk en die ekumene** – 3
- **Predikantsvrou word vroueregter** – 4
- **Verskille oor volkskerk** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Ekumene – deel van die DNS van die kerk (Ds Etienne Fourie)
- Bl 2 **Namens die redakteur**
  Ekumene (Ds Dries Beukes)
- Bl 3 **Kerk en wêreld**
  Die Hervormde Kerk en die ekumene (Dr Johan Steenkamp)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  'n Toer na die Bybellande (Ds André Ungerer)
  Predikantsvrou word vroueregter
  Beroepe aanvaar
  Komende kongresse
  Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke gestig (Ds Etienne Fourie)
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
  Verskille oor volkskerk (Dr Jaco Beyers)
  Oneerlike volkskerkdebat (Ds Frans Oosthuizen)
  Wees versigtig met verandering (Petro Uys)
  Basaars se pluspunte (Ds Hennie van der Linde)
  Los die volksvreemde (Dr Sakkie van der Merwe)
  Diakonale Pleegsorghuise (Dr Koos Engelbrecht)
- Agterblad **Oordenking**
  Bartolomeusnag (Ds Jaco Dreyer)

Ekumene

Ds Dries Beukes, lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), skryf in die redaksionele berig die Kerkorde bepaal dat die Hervormde Kerk sy wesenlike eenheid met kerke wat in die Reformatoriese leertradisie staan, handhaaf, en dat die Kerk gesprek voer met kerke en geloofsgroepe wat ander leertradisies het. Daaruit is dit duidelik dat die Hervormde Kerk homself nie as geïsoleerd sien nie.

Die Hervormde Kerk behoort alles in sy vermoë te doen om lid te word van die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke. Dit bied die Kerk 'n forum om sy stem in die wêreld te laat hoor. Die Hervormde Kerk het iets om vir die wêreld te sê. Teologies kan ons 'n groot bydrae maak, maar ook ten opsigte van getuienis oor 'n verskeidenheid van sake, onder andere oor die onreg, misdaad, morele verval en nog baie ander dinge wat in Suid-Afrika en ander Afrika-lande plaasvind en waarvan die wêreld nie noodwendig nou kennis neem nie.

Lidmaatskap van 'n ekumeniese liggaam hoef die Kerk nie te bedreig nie. 'n Ekumeniese liggaam is nie 'n kerk nie en het nie beheer oor sy deelnemende kerke nie, behalwe om die voorwaardes van lidmaatskap van die organisasie te bepaal en daarvolgens te handel. Elke kerk behou dus sy onafhanklikheid. Per slot van rekening is die Kerk ook nie getroud met enige ekumeniese liggaam nie. Sou dit dus vorentoe onhoudbaar word om met die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke of watter ander ekumeniese liggaam die Kerk ook al aan behoort, se standpunte saam te leef, kan die AKV besluit oor voortsetting van lidmaatskap al dan nie.

****

Die Hervormde Kerk en die ekumene

Dr Johan Steenkamp skryf oor sy eie betrokkenheid by die ekumene, en die agtergrond van die Hervormde Kerk se breuk met die Wêreldraad van Kerke.

Sy betrokkenheid by die ekumene het reeds in sy tweede jaar aan die Universiteit van Pretoria, in 1966, begin. Hy het betrokke geraak by die ekumeniese bemoeienis van dr Beyers Naude. Sy ekumeniese arbeid was 'n direkte uitvloeisel van die Cottesloe-beraad van 1960. Saam met hom, asook prof Van Selms, het die jong student baie ekumeniese byeenkomste in Pretoria en Johannesburg bygewoon.

Later het dr Beyers Naude hom aanbeveel by die Wêreldraad van Kerke (WRK) as 'n ekumeniese doktorale student. Die resultaat was dat hy 'n beurs van die WRK ontvang het om in Europa te studeer. Naas sy formele studies is dit van hom verwag om by ekumeniese arbeid betrokke te wees saam met ekumeniese studente van oor die hele wêreld. Dit het veral behels dat hulle die verskillende landskerke in Duitsland, Nederland en Frankryk moes besoek om die WRK en sy programme aan die landskerke bekend te stel.

Die resultaat van sy studies was sy proefskrif getitel *Die bemoeienis van die Wêreldraad van Kerke met die Suid-Afrikaanse rassekwessie.* Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy dr Naude ingelig dat hy nie meer by sy ekumeniese werk betrokke kon of wou wees nie. Hulle is op 'n vriendskaplike voet uit mekaar.

Ons Kerk, die Voortrekkerkerk, het apartheid ondersteun aangesien hy dit lank voor 1948 reeds aan owerheid en onderdaan voorgehou het as die enigste regverdige en dus eties verantwoordbare beleid. Trouens, dit was die rede waarom die Voortrekkers die Kaap verlaat het. Toe die WRK in 1949 besluit het om in Suid-Afrika betrokke te raak, het hulle geen belangstelling gehad in die gewone lewe en werk van die kerke nie, maar verkies om by die rassekwessie betrokke te raak – 'n saak wat nie in die sentrum van die kerklike lewe geleë was nie maar op die terrein van die politiek en gemeenskap.

Die geleentheid om in die openbaar in Suid-Afrika in te gryp, is vir die WRK veroorsaak deur die onluste en gevolglike skietery in Sharpeville op 21 Maart 1960. Die insident is veroorsaak deur die onbeholpe poging van die PAC om die kalklig by die ANC te steel en sodoende vir homself 'n magsbasis te verseker. Die WRK het homself, met Sharpeville as verskoning, uitgenooi na 'n beraad van sy Suid-Afrikaanse lidkerke te Cottesloe, Desember 1960. Die Cottesloe-beraad sluit by die Sharpeville-onluste aan as hy die buitelandse status van swartes in die blanke gebiede ophef en hulle aanvaar as burgers in 'n eenheidstaat tesame met die blankes. By Cottesloe maak die WRK 'n politieke keuse tussen swart en wit, en hy maak 'n pertinente keuse vír swart téén wit.

****

Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke gestig

Ds Etienne Fourie, voorsitter van die Raad vir Ekumene, het saam met dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, die stigtingsbyeenkoms van die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke (WGRK) in Grand Rapids, Michigan, Amerika, bygewoon.

Meer as 80 miljoen Reformatoriese Christene uit 108 lande oor die wêreld is op Vrydag 18 Junie 2010 saamgebind toe die WGRK formeel gestig is. Die WGRK het ontstaan toe die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke (WBRK) en die Reformatoriese Ekumeniese Raad (GER) saamgesmelt het. Beide dié organisasies het eers afsonderlik vergader en beide het uiteindelik eenparig besluit om te ontbind en deel te word van die nuwe ekumeniese liggaam. Die Reformatoriese Raad is verteenwoordig deur 79 afgevaardigdes uit 28 van sy lidkerke, terwyl die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke 301 afgevaardigdes uit 132 lidkerke teenwoordig gehad het.

Die keuse van *gemeenskap* (*Communion*) om die nuwe liggaam te beskryf, is van groot belang. Richard van Houten, die voormalige sekretaris van die GER, het gesê dat dit 'n geweldige groot stap vorentoe is, omdat *gemeenskap* sê dat die kerke op 'n baie diep vlak saamhoort omdat almal deel is van die groot familie van God. Hy het gesê dat daar, soos in enige familie, meningsverskil oor sake sal wees, maar ook die hoop uitgespreek dat lidkerke hulself sterk daartoe sal verbind om die tema van die vergadering (*Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe* – Efesiërs 4: 3) uit te leef.

Dit was vir Suid-Afrika 'n besondere oomblik toe dr Jerry Pillay van die Verenigende Presbiteriaanse Kerk as eerste moderator van die WGRK en dr Kobus Gerber van die NG Kerk in die uitvoerende bestuur verkies is.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk was lid van die GER, maar sy lidmaatskap van die WBRK is gesuspendeer. Die suspensie word gehandhaaf in die nuwe liggaam. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal moet voldoen aan die vereistes wat in 1982 gestel is om lid te word van die WGRK. Hierdie saak sal onder bespreking kom tydens die 69ste AKV later vanjaar.